

EKSAMEN NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD	12
DATUM	MEI/JUNIE 2026
VAK	REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
VRAESTEL	1
PUNTETOTAAL	150
TYDSDUUR (UUR)	3
AANTAL BLADSYE	22



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE.
2. Sleutel jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('page header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor in.
3. Die data wat jy benodig om hierdie vraestel te voltooi, is vooraf op jou rekenaar gelaai.
4. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.
5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.
6. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.
7. Lees elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.
8. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheuestokkie inhandig wat deur die toesighouer aan jou gegee is, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak seker dat al die lêers geles kan word.
9. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Handig dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.
10. Gedurende die eksamen mag jy die hulpfunksies van die programme wat jy gebruik, raadpleeg. Jy mag GEEN ander hulpbronnemateriaal gebruik NIE.
11. Indien enige data vanuit 'n vorige vraag gebruik moet word wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds die vrae wat volg beantwoord.
12. Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in sigbladvrae tensy anders aangedui. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.
13. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op Suid-Afrika ('South Africa') ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.

Aanvaar dat alle papiergrootte A4-portretstyl is, tensy anders vermeld.



14. Oor die algemeen word 1 punt toegeken per aksie; dus sal 'n 2-punt-vraag gewoonlik TWEE aksies vereis, ensovoorts.
15. Alle skermkote is in rame ('borders') geplaas vir duidelikheid – moet nie enige rame invoeg indien dit nie spesifiek gevra word nie.
16. Teks wat verander moet word is verhelder ('highlighted') ter wille van duidelikheid.
17. Die eksamendata-lêergids CD/DVD/geheuestokkie wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

<u>Lêergids naam</u>	<u>Type Dokument</u>
1HockeyInfo	Woordverwerkingslêer
1Training	Woordverwerkingslêer
2Consent	Woordverwerkingslêer
2Registration	Woordverwerkingslêer
3Sticks	Prent-lêer
3Tournament	Sigblad
4A_Team	Sigblad
5Hockey	Databasis
5HockeySticks	Prent-lêer
6Action	Prent-lêer
6Match	Prent-lêer
6Tournament	HTML-lêer
7Stats	Sigblad
7Teams	Woordverwerkingslêer
7TeamStats	Databasis

SCENARIO

Die Savana Hoër Hokkie Klub is getaak met die organisering en bevordering van 'n groot Interskole Hokkie Toernooi in 2027. Die toernooi vind plaas vanaf Februarie 2027 tot Oktober 2027 en sal spanne insluit vanaf verskillende skole in die streek. Voorbereidings moet lank voor die tyd alreeds begin.



VRAAG 1: WOORDVERWERKING

Maak die **1HockeyInfo**-woordverwerkingsdokument oop, met inligting oor die Interskole Hokkie Toernooi 2027, wat gestuur sal word aan skole en klubs.

1.1 Stel die bladsy kantlyne ('margins') vir die hele dokument na 2 cm. (2)

1.2 Vind die woord 'hoquet' in die eerste paragraaf.

Verhelder ('highlight') die woord in groen en verander die kleur van die teks na rooi. (2)


1.3 Vind die prent van die hokkiestokke op die eerste bladsy en doen die volgende:

- Verander die kleur van die prent na 'washout'.
- Verander die hoogte van die prent na presies 20 cm.
- Verseker dat die prent agter die teks sal vertoon op die eerste bladsy van die dokument. (3)

1.4 Vind die verhelderde kolomme wat begin met 'Participation in ...' en eindig met '... areas of life.' en wysig die kolomme soos volg:

- Die wydte ('width') van die eerste kolom moet 7 cm wees en die spasiëring 1.4 cm.
- Daar moet 'n lyn tussen die kolomme wees.
- Maak gebruik van 'n woordverwerkingseienskap om te verseker dat die sin wat begin met die groen verhelderde woord 'Playing' altyd aan die begin van die tweede kolom sal wees. (4)

1.5 Formateer die vorm ('shape') en teksboks onder die kolomme op bladsy 1 om te vertoon soos in die skermkoot hieronder:




Nota:

- Die paragraafspasiering in die vorm is gestel na 8 pt ná. (3)



- 1.6 Vind die paragraaf opskrif 'Trails and Selections:' en die SmartArt langs die paragraaf. Verander die uitleg van die SmartArt om soos volg te vertoon:



(1)

- 1.7 Verwyder die boekmerk ('bookmark') wat ingestel is op die woord 'Schedule'.

(1)

- 1.8 Vind die geel verhelderde tabel onder die opskrif 'Interschool Hockey Tournament Schedule' en doen die volgende:

- Skakel die tabel om na teks.
- Verseker dat die teks dieselfde geformateer is as die twee teksreëls bokant die tabel.

(2)

- 1.9 Vind die verhelderde teks '<citation>' onder die opskrif 'Types of Field Hockey Sticks' en vervang die teks met 'n aanhaling ('citation') na die bron 'Staff, Hockey Paper'.

(1)

- 1.10 Vind die voetnota op die woord 'Kevlar' onder die opskrif 'Kevlar Sticks' en wysig die voetnota soos volg:

- Die nommerformaat moet gestel word na 'A'.
- Die voetnota moet onderaan die bladsy vertoon word.

(2)

- 1.11 Dateer die bibliografie op bladsy 8 van die dokument op.

(1)

- 1.12 Vind die teks '<Add text here>' op die laaste bladsy van die dokument:

Voeg die inhoud van die **1Training**-dokument as 'n objek in die **1HockeyInfo**-dokument in. Enige veranderinge in die **1Training**-dokument moet outomaties gereflekteer word in die **1HockeyInfo**-dokument.

(3)

Stoor en maak die **1HockeyInfo**-woordverwerkingsdokument toe.

[25]



VRAAG 2: WOORDVERWERKING

'n Registrasievorm is geskep om te help met die registrasie van al die spelers in die Interskole Hokkie Toernooi 2027.

Maak die **2Registration**-woordverwerkingsdokument oop en doen die volgende:

2.1 Voeg die volgende by die dokument:

- Voeg 'Registration Form' in by die titel-eienskap ('property') van die dokument.
- Voeg enige kuns ('Art')-bladsyraam van jou keuse in, met 'n wydte van 15 pt.
- Verander die bladsykleur na die 'Newsprint'-tekstuuragtergrond. (4)

2.2 Gebruik 'n geskikte eienskap om die kas ('case') van die titel 'Interschool hockey tournament 2027 registration form' te verander om te vertoon soos volg:

Interschool Hockey Tournament 2027 Registration Form (1)

2.3 Skep 'n nuwe styl 'RegStyl' gebaseer op die 'Intense Quote'-styl soos volg:

- Stel die linker- en regterinkeping om te begin en eindig by die kantlyne.
- Stel die reëlspasiëring ('line spacing') na presies 1.15.
- Pas hierdie styl toe op al vier opskrifte wat geformateer is met die 'Intense Quote'-styl. (4)

2.4 Vind die teks 'Have you played hockey before?' onder die opskrif 'Parent/Guardian Information'. Die merkblokkie ('checkbox') langs die 'Yes' moet by verstek ('default') gemerk wees. (1)

2.5 Verseker dat die opskrif 'Declaration:' altyd sal vertoon aan die bokant van 'n nuwe bladsy. (1)

2.6 Vind die paragraaf onder die opskrif 'Declaration:' en formateer die paragraaf om te vertoon soos hieronder:

I, the undersigned, hereby register my child for the inter-school hockey matches for 2027.
 I understand that participation is subject to selection trials and agree to abide by the rules and regulations set forth by the school.

Nota:

- Die afstand tussen die vergrote hoofletter ('dropped cap') en die teks is 0.2 cm. (4)

2.7 Vind die teks '<Add signature line here>'. (1)

- Voeg 'n handtekening reël ('signature line') in vir die ouers/voogde.
- Die voorgestelde tekenaar is 'Parents/Guardians'. (2)



- 2.8 Vind die teks 'Date' en die datumkieser ('date picker') aan die einde van die dokument.

Voeg die teks 'Please select today's date.' by die titel van die datumkieser ('date picker'), terwyl ontwerpmodus ('design mode') aan is, om soos volg te vertoon:

Nota:

- Die datum moet vandag se datum vertoon.

(1)

Stoor en maak die **2Registration**-woordverwerkingsdokument toe.

Maak die **2Consent**-woordverwerkingsdokument oop, wat 'n vrywaringsvorm bevat vir vervoer, wat voltooi moet word deur die ouers/voogde van elke speler.

- 2.9 Beperk ('restrict') die dokument tot die voltooiing van vorms ('filling in of forms') en beskerm die dokument.

Nota:

- MOENIE 'n wagwoord gebruik nie.

(2)

Stoor en maak die **2Consent**-woordverwerkingsdokument toe.

[20]



VRAAG 3: SIGBLAD

NOTA:

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopiëer.
- Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Indien jy boublokke wil gebruik, gebruik die spasie daarvoor in die dataleër toegeken.

'n Sigblad gaan gebruik word om besonderhede te stoor van spelers se aankoms- en vertrektye. Sommige spelers sal oorslaap die dag voordat die toernooi begin.

Maak die **3Tournament**-sigblad oop en werk in die **Actions**-werkblad.

- 3.1 Verseker dat die woord 'Hockey' sal vertoon in die boonste regterhoek van die bladsyboskrif ('header') indien die dokument gedruk word.

Nota: Moenie enigiets druk nie. (2)

- 3.2 Verander die oortjie ('tab')-kleur van die **Actions**-werkblad na blou. (1)

- 3.3 Bring die volgende formaterings veranderinge aan:

- Vertoon die teks in **selle A1:J1** soos volg:

Hockey Tournament March 2027

- Verander die hoogte van die opskrifry (**ry 6**) na 70. (2)

- 3.4 Voeg 'n funksie in **sel B2** in om die algemeenste ouderdom van die spelers te bepaal. (1)

- 3.5 Voeg 'n funksie in **sel B3** in om die totale bedrag betaal deur spelers wie in die 14A-groep is, te bepaal. (4)

- 3.6 Klein busse sal gebruik word om die spelers en personeel na die hokkievelde te vervoer. Elke bus kan 25 mense vervoer.

Voeg 'n formule in **sel B4** in om die aantal busse wat benodig word, om alle spelers en personeel te vervoer, te bereken. (4)

- 3.7 Pas voorwaardelike formatering ('conditional formatting') toe op die **reeks A7:A82**, sodat alle vanne wat meer as een keer voorkom, sal vertoon in vetdruk ('bold'). (3)

Werk in die **Chart**-werkblad.

3.8 Afrigters wil weet hoe spanne presteer het in vorige toernooie. Verander die grafiek wat statistiek bevat van vorige wedstryde, om soos volg te vertoon:



Nota:

- Die **3Sticks**-prent is gebruik om die 'Won'-reeks te vul.

(3)

Stoor en maak die **3Tournament**-sigblad toe.

[20]



VRAAG 4: SIGBLAD

NOTA:

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.
- Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die bestaande data.
- Indien jy boublokke wil gebruik, gebruik die spasie daarvoor in die datalêer toegeken.

Maak die **4A_Team**-sigblad oop, wat lede-inligting en ligabesonderhede van elke span bevat. Werk in die **Data**-werkblad.

4.1 Voeg rame in om elke sel in die **reeks A1:N25**. (1)

4.2 Ouers met 'n kode van 2506 of 2507 kwalifiseer vir koshuisverblyf tydens die toernooi.

Gebruik 'n IF-funksie in **sel E2**, om 'Yes' te vertoon, indien die ouers kwalifiseer vir koshuisverblyf. Indien nie, moet die sel leeg bly. (5)

4.3 Elke speler moet aan 'n mediese fonds behoort.

Gebruik 'n funksie in **sel G3**, om te bepaal aan watter mediese fonds EK Erasmus behoort deur gebruik te maak van die kode en die tabel in die **Medical Aid**-werkblad.

Verseker dat die funksie reg sal werk, indien dit afgekopieer word na ander selle. (4)

4.4 Afrigters sal spelers evalueer volgens 'n prestasie-indeks. Die prestasie-indeks word bereken deur gebruik te maak van die volgende formule:

$$\text{Goals scored} * 5 + \text{Assists} * 3 + \text{Shots}^{0.5} - \text{Penalty minutes}$$

- Gebruik hierdie formule in **sel M2** om die prestasie-indeks te bereken van GD Groenewald.
- Kopieer die formule af na die res van die selle in die kolom. (4)

4.5 Elke speler moet 'n spelerskode hê. Voeg 'n formule in **sel N3** in om 'n spelerskode vir EK Erasmus soos volg te skep:

- Die laaste twee syfers van die ouerkode gevolg deur
- Die 3^{de} en 4^{de} syfers van die numeriese waarde van die geboortedatum gevolg deur
- Die eerste letter van die speler se veld-posisie in 'n hoofletter. (4)



Werk in die **League Info**-werkblad.

4.6 Spanne sal 12 dae voor die wedstryddatum arriveer.

Verander die formule in **sel E2** om die aankomsdatum van die verskillende spanne te bereken.

(2)

Stoor en maak die **4A_Team**-sigblad toe.

[20]



VRAAG 5: DATABASIS

Die plaaslike hokkieklub hou 'n databasis by met inligting oor hulle spelers vir toekomstige verwysing.

Maak die **5Hockey**-databasis oop.

5.1 Maak die **tblPlayerInfo**-tabel in ontwerpaansig ('Design View') oop en redigeer soos volg:

5.1.1 Verander die *Full Name*-veld na 'n maksimum van 25 karakters. (1)

5.1.2 Verseker dat enige data wat ingesleutel word in die *Surname*-veld sal vertoon in hoofletters EN maak seker dat die veld nie leeg gelaat kan word nie. (2)

5.1.3 Verander die datatipe van die *Contact Number*-veld na 'n geskikte datatipe sodat 'n selfoonnommer gestoor kan word, soos 0833456540. (1)

5.1.4 Voeg 'n geskikte valideringsreël ('validation rule') vir die *Email Address*-veld in, om seker te maak dat 'n geldige e-posadres ingesleutel word, bv. exams@gmail.com. (3)

5.1.5 Voeg 'n verstekwaarde ('default value') van 'Yes' by die *Sponsorship*-veld in. (1)

5.1.6 Verander die datatipe van die *Photo*-veld, sodat 'n foto van die spelers gestoor kan word. (1)

Stoor **tblPlayerInfo**-tabel en open die tabel in Databladaansig ('Datasheet View').

5.1.7 Verseker dat die *ID*-veld nie vertoon in Databladaansig nie.

Nota:

- Moenie die veld uitvee nie. (1)

Stoor en maak die **tblPlayerInfo**-tabel toe.

- 5.2 Verander die **frm5_2**-vorm, wat op die **tblMainInfo**-tabel gebaseer is, om in vormaansig ('Form View') te vertoon soos in die voorbeeld hieronder.



Nota:

- Voeg die **5HockeySticks**-prent op die vorm as 'n agtergrond prent.
- Skep 'n toevoermasker ('input mask') vir die *Initial*-veld. Die veld moet vertoon met een verpligte hoofletter en nog 'n opsionele hoofletter.

(5)

Stoor en maak die **frm5_2**-vorm toe.

- 5.3 Maak die **qry5_3**-navraag gebaseer op **tblMainInfo** in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Verander die navraag sodat slegs die *Surname*- en *Initial*-velde vertoon van al die spelers wie deel is van die 16A-groep EN wie se Kursus nie aangedui is vir die toernooi nie.

Sorteer die navraag volgens die *Surname*-veld in omgekeerde volgorde.

(5)

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe.



- 5.4 Maak die **qry5_4**-navraag, gebaseer op **tblMainInfo**, in ontwerpaansig ('Design View') oop en wysig die navraag sodat dit soos volg vertoon:

Group	CountOfGroup	AvgOfAge
14A	27	14
15A	20	15
16A	19	16
Admin	4	41
Coach	6	36

(5)

Stoor en maak die **qry5_4**-navraag toe.

- 5.5 Maak die **qry5_5**-navraag, gebaseer op **tblMainInfo**, in ontwerpaansig ('Design View') oop.

Organiseerders wil bepaal wat die uitstaande bedrae is vir die 14A-groep. Die registrasiefooi is R2 500,00 per speler.

Skep 'n berekende veld genaamd *Outstanding* om die uitstaande bedrag te bepaal vir elkeen van die spelers in die 14A-groep. Vertoon slegs die spelers wat 'n uitstaande bedrag het.

(5)

Stoor en maak die **qry5_5**-navraag toe.

- 5.6 Maak die verslag **rpt5_6**, gebaseer op die **Players**-navraag, in ontwerpaansig oop en bring die volgende veranderinge aan:

- Dateer die opskrif-etiket op na 'Players per Group'.
- Voeg 'n geskikte funksie in die groep voetskrif ('group footer') om die aantal spelers in elke groep te vertoon wat sal deelneem aan die hokkie toernooi.
- Verseker dat die etiket ('label') en die resultaat van die funksie in vetdruk vertoon.

(5)

Stoor en maak die **5Hockey**-databasis toe.

[35]



VRAAG 6: WEBBLAD ONTWERP (HTML)

'n Webblad is geskep om inligting te gee oor die komende Interskole Hokkie Toernooi in 2027.

Nota:

- 'n HTML-merkersblad is aangeheg vir verwysing.
- Alle lêers benodig om die vraag te voltooi kan gevind word in die eksamenlêergids.
- Vraagnummers vertoon as kommentaar in die kode om aan te dui waar jy die antwoorde moet invoeg. MOENIE hierdie kommentaar uitvee nie.

Maak die onvolledige **6Tournament**-lêer oop in 'n webblaaier en in 'n teks/HTML-redigeerder (**NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE**).

Nota: Gebruik die volgende voorbeeld as 'n riglyn wanneer jy die vraag beantwoord.

Interschool Hockey Tournament 2027

Get Ready for an Exciting Season of Competitive Hockey!

Introduction

Welcome to the official page for the Interschool Hockey Tournament 2027! Hosted by the Savana High Hockey Club, this year's event promises thrilling matches, top-tier talent, and unforgettable moments. Whether you're a player, coach or fan, this is your go-to source for all match details.

Schedule of Matches

A detailed schedule of the matches.

Date	Time	Home Team	Away Team	Venue
12 March	10:00	Shanahan College	Turcotte School	Shanahan College Field
19 March	14:00	D'Amore College	Kunde School	D'Amore College Grounds
26 March		Bauch College	Murazik High	Bauch College Field
2 April	16:00	Rosenbaum College	Corkery High	Rosenbaum College Stadium
9 April	10:00	Ryan School	Lemke School	Ryan School Grounds
16 April	14:00	Reilly School	Kertzmann School	Reilly School Turf

Featured Match of the Week

The highlight of this week is the showdown between Lubowitz College and Zieme College. Both teams have shown incredible skill and determination this season, making this a must-watch match. Don't miss the excitement on 26 March at Hilton College Field!

Skate hard, hit clean, play smart, and have fun. (Sandjest)

Follow us on social media and stay connected for the latest updates, photos, and exclusive behind-the-scenes content.

Contact Information

- Email: contact@savanahhighhockeyclub.co.za
- Phone: +27 12 345 6789
- Address: 123 Savanah High Street, Johannesburg, South Africa

[\[More Information and Full Schedule\]](#) [Back to the beginning](#)



Voeg HTML-kode in om die volgende te doen:

- 6.1 Maak seker dat die titelmerker deel is van die afdeling waar die inligting oor die webblad geplaas is. (1)
- 6.2 Skep 'n boekmerk genaamd 'TOP' aan die begin van die webblad. (2)
- 6.3 Vind die teks 'A detailed schedule of the matches' en doen die volgende:
- Voeg 'n kode by om die teks te vertoon in fontgrootte 3.
 - Die teks moet in vetdruk ('bold') wees. (2)
- 6.4 Wysig die tabel in die webblad om dieselfde te vertoon as hieronder:

Date	Time	Home Team	Away Team	Venue
12 March	10:00	Shanahan College	Turcotte School	Shanahan College Field
19 March	14:00	D'Amore College	Kunde School	D'Amore College Grounds
26 March		Bauch College	Murazik High	Bauch College Field
2 April	16:00	Rosenbaum College	Corkery High	Rosenbaum College Stadium
9 April	10:00	Ryan School	Lemke School	Ryan School Grounds
16 April	14:00	Reilly School	Kertzmann School	Reilly School Turf

Nota:

- Die spasie tussen die selrame en die inhoud van die tabel is 5.
 - Die opskrifry van die tabel is gevul met 'n grys ('grey') kleur. (5)
- 6.5 Formateer die horisontale lyn voor die teks 'Skate hard, hit clean, play smart, and have fun. (Sandjest)' om altyd te vertoon oor die wydte van die bladsy met 'n grootte ('size') 6 dikte. (3)
- 6.6 Vind die teks 'Skate hard, hit clean, play smart, and have fun. ('Sandjest')' en formateer die teks om te vertoon soos in die voorbeeld aan die begin van Vraag 6. (1)
- Een punt sal toegeken word vir sluitingsmerkers en nesting. (1)
- Stoor en maak die **6Tournament**-lêer toe. [15]



VRAAG 7: INTEGRASIE

'n Brief sal aan alle spanne gestuur word, wat hokkie toernooi statistiek bevat vanaf 2021 tot 2025.

Maak die **7Teams**-woordverwerkingsdokument oop.

7.1 Vind die horisontale lyn in die bladsyboskrif op bladsy 1.

Verander die hoogte van die lyn na 4 pt.

(1)

7.2 Vind die tabel onder die opskrif 'Tournament Performance Statistics' en formateer die tabel om dieselfde te vertoon as die voorbeeld hieronder:


Tournament	Year	Avg. Assists	Avg. Goals Scored	Avg. Penalties	Avg. Shots on Goal	Avg. Possession Time (min)	Win Rate (%)
	2021	3.8	3.2	2.4	17.9	13.8	53
	2022	3.9	3.1	2.3	18.2	14.2	54
	2023	4.1	3.4	2.2	18.5	14.7	55
	2024	4.3	3.7	2.0	19.1	15.2	60
	2025	4.5	3.6	2.1	20.3	15.8	62
Average Goals scored			3.4		Average Win Rate		57%

Nota:

- Die ry hoogte van **rye 2 tot 6** is 1 cm.

(8)

7.3 Vind die grafiek onder die opskrif 'Goals Scored Comparison by Year'.
Verander die grafiek om te vertoon soos die grafiek hieronder (ignoreer kleure).



(1)

Stoor en maak die **7Teams**-woordverwerkingsdokument toe.



Maak die sigblad **7Stats**-sigblad oop en werk in die **Tournaments**-werkblad.

- 7.4 Voeg 'n valideringsreël by die data in **selle G2:G6** om slegs heelgetalle ('whole numbers') te aanvaar tussen 1 en 100. (2)

Werk in die **TeamStats**-werkblad.

- 7.5 Skep 'n reeksnaam, **Wins**, vir **selle B2:B18**. (1)

Stoor en maak die **7Stats**-sigblad toe.

Maak die databasis **7TeamStats** oop.

- 7.6 Voer die data vanaf die **TeamStats**-werkblad in die **7Stats**-sigblad in, as 'n tabel in die databasis en stoor die tabel as **tblTeamStats**.

Nota:

- Laat Access toe om 'n primêre sleutel ('primary key') te kies. (2)

Stoor en maak alle oop dokumente toe. [15]

GROOTTOTAAL: [150]



HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

Basiese merkers ('Basic Tags')	
Merker ('Tag')	Beskrywing
<body></body>	Definieer die liggaam van die webblad
<body bgcolor="pink">	Stel die agtergrondkleur van die webblad
<body text="black">	Stel die kleur van die liggaamteks
<head></head>	Bevat inligting oor die webblad
<html></html>	Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad
<title></title>	Definieer 'n titel vir die webblad
 	Voeg 'n reëlbreuk in ('line break')
<!-- -->	Kommentaar
Teksmerkers ('Text Tags')	
Merker ('Tag')	Beskrywing
	Skep die grootste opskrif
	Skep die kleinste opskrif
	Skep teks in vetdruk
<i></i>	Skep teks in skuinsdruk
<u></u>	Skep onderstreepte teks
	Stel fontgrootte van "1" tot "7" "
	Stel fontkleur
	Stel fonttipe
Skakelmerkers ('Links Tags')	
Merker ('Tag')	Beskrywing
	Skep 'n hiperskakel
	Skep 'n prentskakel
	Skep 'n teikenarea in die dokument
	Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is
	Skakel na 'n e-posadres
Formateringsmerkers ('Formatting Tags')	
Merker ('Tag')	Beskrywing
	Skep 'n nuwe paragraaf
<p align="left">	Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees
<center></center>	Sentreer teks, 'n afdeling, tabel of prent horisontaal
	Skep 'n genummerde lys
<ol type="A", "a", "I", "i", "1">	Definieer die tipe nommers wat gebruik word
	Skep 'n kolpuntlys
<ul type="disc", "square", "circle">	Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word

Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg	
Merker ('Tag')	Beskrywing
	Word voor elke lys-item ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by, afhangend van die tipe lys wat geselekteer is
	Voeg 'n prent in
	Stel 'n prent inlyn: kan "right", "bottom", "top", "middle" wees
	Stel 'n prent "center" inlyn, kan ook "middle" wees
	Stel die grootte van die raam rondom 'n prent
	Stel die hoogte en breedte van 'n prent
	Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie
<hr>	Voeg 'n horisontale lyn in
<hr size="3">	Stel die grootte (hoogte) van 'n reël
<hr width="80%">	Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde
<hr color="ff0000">	Stel die kleur van die lyn
Tabelmerkers ('Table Tags')	
Merker ('Tag')	Beskrywing
<table></table>	Skep 'n tabel
<tr></tr>	Skep 'n ry in 'n tabel
<td></td>	Skep 'n sel in 'n tabel
<th></th>	Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks.)
<table width="50">	Skep die breedte van die tabel
<table border="1">	Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel
<table cellpadding="1">	Stel die spasie tussen die selle van die tabel
<table cellspacing="1">	Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan
<tr align="left">	Stel die inlynstelling vir sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees)
<tr valign="top">	Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees)
<td colspan="2">	Stel die getal kolomme waarvoor 'n sel moet strek
<td rowspan="4">	Stel die getal rye waarvoor 'n sel moet strek



TOEVOERMASKER ('INPUT MASK')-KARAKTERLYS

Karakter	Beskrywing
0	Syfer (0 to 9, inskrywing vereis, plus [+] en minus [-]-tekens nie toegelaat nie)
9	Syfer of spasie (geen inskrywing vereis nie, plus [+] en minus [-]-teken nie toegelaat nie)
#	Syfer of spasie (geen inskrywing vereis nie; spasies word as oop plekke ('blanks') in Redigeringsmodus ('Edit mode') vertoon, maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word; plus [+] en minus [-]-tekens nie toegelaat)
L	Letter (A tot Z, inskrywing vereis)
?	Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel)
A	Letter of syfer (inskrywing vereis)
a	Letter of syfer (inskrywing opsioneel)
&	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis)
C	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel)
.,;,-/	Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeiers (Die werklike karakter wat gebruik word, hang van die instellings ('settings') in die 'Regional Settings Properties' - dialoogblokkie ('dialog box') in die 'Windows Control Panel' af.)
<	Laat alle karakters na onderkas ('lower case') omgeskakel word
>	Laat alle karakters na bokas ('upper case') omgeskakel word
!	Laat die toevoermasker van regs na links, in plaas van links na regs, vertoon. Karakters wat in die toevoermasker ingesleutel word, vul dit altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die toevoermasker invoeg.
\	Laat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (byvoorbeeld, \A word slegs as A vertoon)



REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE VRAESTEL 1
INLICHTINGSBLAD (om deur kandidaat voltooi en ingehandig te word)

EKSAMENPLAKKER

PAKKET GEBRUIK Merk toepaslike blokkie met 'n kruis (X)			
Microsoft Office 2010	Microsoft Office 2013	Microsoft Office 2016	Office 365

LÊERGIDSNAAM: _____

Kandidaat moet die naam (name) van elke vraag wat gedoen/verander en gestoor is, merk.

Vraag	Lêernaam	Gestoor (✓)	Maksimum punt	Punt behaal
1	1HockeyInfo		25	
2	2Registration 2Consent		20	
3	3Tournament		20	
4	4A_Team		20	
5	5Hockey		35	
6	6Tournament 6Fundraiser		15	
7	7 Stats 7 Teams 7TeamStats		15	
TOTAAL			150	

**Erkenning aan die volgende bronne vir data wat gebruik is:**

- <https://sandjest.com/blogs/quotes/hockey-quotes#inspirational-hockey-quotes>
- <https://www.allrounderhockey.com/hockey-stick-guide>
- <https://www.britannica.com/sports/field-hockey>
- <https://longstreth.com/pages/history-of-field-hockey>
- <https://sahockey.co.za/>
- <https://saschoolsports.co.za/>
- <https://ssschooolsplus.co.za/>
- <https://www.thehockeypaper.co.uk/articles/2021/03/10/the-guide-about-brands-materials-sizes-and-more>